

Veral by 'n dinamiese vak soos RTT kan eksamenvraestelle en memoranda 'verouderd' raak. In sommige gevalle kan dit ook gebeur dat daar nou ekstra antwoorde aanvaarbaar kan wees terwyl sommige van die antwoorde nie meer van toepassing is nie.

Afdeling A

Vraag 1

1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10
C	B	B	D	A	B	C	D	B	B

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[10]

Vraag 2

2.1	2.2	2.3	2.4	2.5	2.6	2.7	2.8	2.9	2.10
E	N	J	O	R	H	D	M	G	L

✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓ ✓

[10]

Afdeling B

Vraag 3

3.1 Tooltip ✓

Plaas / hou die muismerker oor die ikoon ✓

(2)

3.2 Enige EEN van: ✓

- Dit kan die lêers wat nog oop is, beskadig
- Die rekenaar mag dalk nie die veranderinge wat aan die dokument en instellings gedoen is, stoor nie

Sy behoort die afskakelprosedure *shut-down facility/procedure* ✓ van die bedryfstelsel te gebruik.

(Aanvaar ook 'n verduideliking van die prosedure wat gevolg moet word).

(2)

3.3.1 Herwin (*restore*) die lêer ✓ vanaf die *Recycle Bin* ✓

(2)

3.3.2 Die projek sou nie na die *Recycle Bin* gegaan het nie, dit wil sê: mens sou dit nie op hierdie manier kon herwin nie. ✓

Indien 'n rugsteunkopie (*backup*) van die projek op bv. die hardeskyf gemaak was, kon mens hierdie kopie kon gebruik. **OF**

As daar 'n hardekopie beskikbaar was, kon mens dit inskandeer en met OCR-programmatuur na teks kon omskakel. ✓

(2)

- 3.4 Enige TWEE van: ✓✓
- Stoor die lêer met 'n ander naam
 - Stoor die lêer op 'n ander plek (gids of aandrywer)
 - Stoor die lêer as 'n ander tipe
 - Wanneer jy 'n wagwoord by die lêer voeg of dit verwyder, ens. (2)
- 3.5 Dit verwys na die sleutelbord. ✓
 Dit dui op 'n 'volledige' sleutelbord – een met 'n aparte sleutel vir elke letter. ✓
 (Aanvaar ook verwysing na die eerste ses letters van die boonste ry van die alfabetiese sleutels) (2)

[12]

Vraag 4

- 4.1 'n Plug-in is 'n program. ✓
 wat jou toelaat om spesiale / multimedia effekte te sien. ✓ (2)
- 4.2.1 Widget / gadget ✓ (1)
- 4.2.2 Aanvaar enige een ander voorbeeld (*nie weervoorspelling nie*): ✓
- Vertoon van die kalender of tyd op 'n horlosie
 - Verskaf die nuutste nuus (nuushoof trekke)
 - Meting van stelselhulpbronne (soos CPU, battery)
 - Speletjies (soos Picture Puzzle)
 - Vertoon van 'n skyfiereeks van al jou foto's, ens. (1)
- 4.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Bestuur/beheer al die apparatuur en programmatuur van die rekenaar
 - Toevoer- en afvoer kontrole
 - Sekuriteitshandhawing
 - Verskaf gebruikerskoppelvlak, ens.
- (Aanvaar spesifieke voorbeelde wat onder hierdie kategorieë val). (2)
- 4.4.1 Dit laat die gebruiker die kieslysofsie sonder die muis gebruik
 (Aanvaar ook net 'n verwysing na shortcut) ✓ (1)
- 4.4.2 Gebruik die Alt+O sleutelkombinasie ✓ (1)
- 4.5 Kontrole A gee vir die gebruiker slegs die keuse tussen een van drie opsies. ✓
 Kontrole B laat die gebruiker toe om een of meer van die drie opsies te kies. ✓ (2)
- 4.6 Gebruik 'n *snipping tool* of maak 'n skermkopie van die foutboodskap met *Print Screen*.
 ✓
 Plak dan die beeld in 'n *Word*-dokument. ✓ (2)

[12]

Vraag 5

- 5.1 Die lêeruitbreiding sê vir die bedryfstelsel watter program dit moet gebruik om die lêer oop te maak. ✓
Indien jy die lêeruitbreiding verander, mag die bedryfstelsel dalk nie weet watter program om te gebruik om die lêer oop te maak nie en sal moontlik probeer om dit in 'n ander verkeerde program oop te maak, wat sal veroorsaak dat 'n foutboodskap verskyn. ✓ (2)
- 5.2.1 Lêerpaadjie of Path ✓ (1)
- 5.2.2 Lêergidse (*Folders*) ✓ (1)
- 5.2.3 Excel ✓ (1)
- 5.3 Om 'n lêer te *zip* beteken om dit kleiner te maak of saam te pers. ✓
Enige EEN rede: ✓
 - Om spasie op die hardeskyf te spaar
 - Om die grootte van 'n lêer wat jy aan iemand elektronies (deur e-pos) wil stuur, te verminder sodat jy aflaaï tyd/cap/geld spaar (2)
- 5.4.1 'n Kortpad (*shortcut*) is 'n skakel (*link*) na 'n bron (lêer of program of apparatuur, ens). ✓ (1)
- 5.4.2 Dit is nuttig om vinnige toegang tot items wat jy baie gebruik, te kry. ✓ (1)
- 5.4.3 Dit het gebeur omdat die kortpad slegs 'n lêer is wat beskryf waar die *Word*-dokument is, maar dit is nie die dokument self nie. Aangesien slegs die kortpad gekopieer is en nie die *Word*-dokument nie, kon die dokument nie opgespoor word nie en het 'n foutboodskap verskyn. ✓
Sy moes die *Word*-dokument na haar *flash*-skyf gekopieer het, nie die kortpad nie. ✓ (2)
- 5.5 Enige TWEE van: ✓✓
 - Beplan hoe jy graag sou wou hê jou basiese lêerstruktuur moet lyk
 - Identifiseer die hoof-'kategorieë' waaronder jy jou lêers sal wil stoor.
 - Hou aan om elke lêergids-vlak te verfyn. As jy sien dat jy te veel lêers in een lêergids het, behoort jy die lêergids te onderverdeel deur sub-gidse by te voeg.
 - Gebruik betekenisvolle name vir jou lêers en gidse sodat hulle maklik geïdentifiseer kan word.
 - Indien jy tussen twee rekenaars beweeg (bv. tuis en by die skool) is dit 'n goeie idee om dieselfde struktuur op al twee rekenaars te hê vir makliker gebruik, ens. (2)
- 5.6.1 Kopieer (*copy*) maak 'n kopie van die lêer/lêergids en behou die oorspronklike op sy plek. ✓
Knip (*cut*) maak ook 'n kopie van die lêer/lêergids, maar wanneer jy dit op die nuwe plek geplak (*paste*) het, word die oorspronklike een verwyder. ✓ (2)
- 5.6.2 Die funksie van die *clipboard* is om objekte tydelik te stoor wat 'wag' om geplak te word wanneer mens knip of kopieer. 'n Verwyderde (*deleted*) objek hoef nêrens geplak te word nie, daarom gaan dit nie *clipboard* toe nie. ✓ (1)

Vraag 6

6.1.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Daar bestaan geen waarborg van kwaliteit nie of dat dit enigsins korrek werk nie.
- Daar is dikwels verskillende weergawes van dieselfde produk, dit wil sê, gebrek aan standaardisasie.
- Dit is dikwels slegs van die Internet af beskikbaar.
- Dit word nie so algemeen gebruik nie (gevolglik mag daar versoenbaarheidskwessies met eiendomsregtelike programmatuur bestaan, opleidingskwessies, ens.).
- Dit mag moeilik wees om dokumentasie / handleidings / ondersteuning te kry. (2)

6.1.2 Die bronkode is gratis (*aanvaar ook 'die program'*) ✓ (1)

6.2 'n Terreinlisensie laat die skool toe om 'n onbepaalde aantal ✓ installasies van die programmatuur te doen, maar slegs binne die skool/organisasie self. ✓ (2)

6.3 Enige TWEE eienskappe: ✓✓

- Die program beskik oor soortgelyke gebruikerskoppelvlakke – as jy een ken, is dit makliker om te leer om 'n ander program in die pakket te gebruik.
- Dit is ontwerp vir maklike oordrag van data tussen die pakkette. (2)

6.4.1 Programmatuurroof verwys na die *onwettige* installering/kopiëring/verspreiding van programmatuur. ✓ (1)

6.4.2 Die lisensie-ooreenkoms laat mens gewoonlik toe om een kopie vir rugsteundoeleindes te maak. ✓ (1)

6.5 Die *shareware*-program mag geprogrammeer wees om op te hou werk wanneer die toetstydperk verby is. ✓
Die toetsweergawe bevat baie keer nie al die kenmerke van die vol weergawe nie – jy moet betaal vir die voller weergawe. ✓ (2)

6.6 Enige TWEE redes: ✓✓

- Lêers kan per ongeluk verwyder of oorskryf word.
- Lêers kan soms korrup raak.
- Rekenaars kan gesteel word (veral draagbare rekenaars), of deur brand verwoes word.
- Apparaat soos 'n skyfaandrywer kan faal, ens. (2)

[13]

Vraag 7

7.1 Tegnologie wat iets biologies uniek aan die gebruiker meet. ✓

Enige EEN voorbeeld: ✓

- Vingerafdrukke
- Stemherkenning
- Iris-patrone van die oog, ens.

(2)

7.2.1 Enige TWEE funksies: ✓✓

(2)

- Skandeer (*scan*) – insluitend skandering na 'n PDF-formaat
- Faks- of e-pos-fasiliteite
- Fotostate

7.2.2 Enige TWEE voordele: ✓✓

(2)

- Gebruik minder spasie op die lessenaar.
- Kos baie minder as om al die verskillende tipes toestelle apart te koop.
- Gebruik slegs een van die rekenaar se USB-poorte.

7.3 Enige TWEE redes: ✓✓

(2)

- E-pos is vinniger as faks.
- E-pos se bedryfskoste is goedkoper (het geen fakspapier of faksmasjien nodig nie, jy het slegs 'n Internetkonneksie nodig).
- E-pos is minder lomp (geen liasseer van papiere, gebruik minder spasie op lessenaar, ens.).
- E-pos waarborg baie hoër vlak van sekuriteit.
- E-pos kan gebruik word om beide te stuur en te ontvang van tradisionele faksmasjiene af (*'fax-to-email'* en *vice versa*).
- E-pos-aanhegsels kan in volkleur verskyn en het 'n baie hoër resolusie as fakse.
- Multimedia e-pos-aanhegsels oorskry die moontlikhede van fakse (bv. musiek- en videolêers).
- E-pos-aanhegsels kan uit baie groter dokumente bestaan as wat normaalweg per faks gestuur word (bv. mens faks nie somer 200 bladsye nie), ens.

7.4 Nee, ✓ aangesien 'n Blu-ray-skrywer beide CD's en DVD's kan lees. ✓

(2)

(Moenie slegs NEE op sy eie aanvaar nie)

7.5.1 Mens kan verskillende geheuekaarte inprop om data tussen hierdie kaarte en bv. 'n *desktop* of ander draagbare rekenaar/toestel oor te dra. ✓

(1)

7.5.2 Konnekteer via 'n USB-kabel wat by 'n USB-poort op die rekenaar ingeplug word ✓

(1)

7.5.3 Enige EEN praktiese gebruik van 'n geheuekaart (*memory card*): ✓ (1)

- Kopieer foto's vanaf digitale kamera na rekenaar
- Dra data oor vanaf 'n rekenaar na 'n draagbare toestel (bv. vir rugsteun of noodoordrag – baie dieselfde as die gebruik van 'n *flash-skyf*)
(*Aanvaar enige geldige toepassing*)

7.6 Paragraaf oor SVE moet insluit:

- Basiese funksie: verwerk data en voer instruksies uit (*aanvaar verwysings na dieselfde konsep, bv. doen berekeninge met getalle*) ✓ (1)
- Eenheid van spoed: gigahertz (*aanvaar ook hertz*) ✓ (1)
- Waar aangetref: prop in 'n sok op die moederbord ✓ (1)
- Voorkoms: Klein, vierkantige, plat skyfie (*oordeel of leerder een sal kan herken of nie*) ✓ (1)

7.7.1 Voordat enige program kan uitvoer of enige data verwerk kan word, moet dit eers in die RAM gelaai word. ✓

Enige toepaslike verduideliking oor stoor: ✓

Stoor word gebruik om al die data en programme te berg terwyl die rekenaar nie besig is om iets te verwerk nie / Stoor is waar al die gestoorde werk en programme gestoor word terwyl die rekenaar afgeskakel is / Permanente stoor is noodsaaklik omdat RAM onbestendig is, dit wil sê dit verloor sy inhoud as daar geen kragtoevoer is nie (2)

7.7.2 TWEE verskille (buiten funksie): ✓✓

RAM is vinniger as stoor

RAM is elektronies en stoor is grotendeels meganies (alhoewel *flash-skywe* wel gebruik maak van nie-meganiese *flash-geheue*).

RAM is duur (dit kos meer per GB as stoor)

Stoor het 'n veel groter kapasiteit as geheue (RAM)

RAM is onbestendig, dit wil sê dit verloor sy inhoud wanneer daar geen kragtoevoer is nie (*slegs as nie in 7.7.1 gebruik is nie*). (2)

[21]

Vraag 8

8.1.1 Enige TWEE voordele: ✓✓

- Deel van apparatuur
- Vinnige, effektiewe kommunikasie (e-pos, chat, video-konferensies, ens.)
- Verhoogde beheer en sekuriteit
- Verskeidenheid van toegang (toegang vanaf enige rekenaar in die netwerk, enige tyd van die dag toegang, ens.)
- Sentralisering van data (voorkom duplikaatlêers, makliker rugsteun, ens.)
- Oordra van lêers

(*Moenie speletjies if vryetydsbesteding aanvaar nie*) (2)

8.1.2 Enige TWEE nadele: ✓✓

- Baie kundigheid is nodig om 'n netwerk te bestuur / 'n netwerkadministrateur sal benodig word
- Streng sekuriteitsmaatreëls sal ingestel moet word – moontlikheid van ongemagtigde toegang as nie reg gedoen word nie
- Skadelike programmatuur soos virusse kan vinnig via 'n netwerk versprei.
- As daar 'n probleem met die netwerk ontstaan, mag dit beteken dat geen van die gebruikers kan werk, die drukker kan gebruik, of toegang tot hul data kan verkry nie.
- 'n Sentrale fout op die netwerk, soos die ineenstorting (*crash*) van die bediener, kan tot die verlies van data lei.

(2)

8.2 Draagbaarheid (kleiner) ✓ en kan, indien nodig, met batterykrag werk ✓

(2)

8.3.1 Lewer bronne en dienste aan die ander rekenaars in die netwerk ✓

(1)

8.3.2 Enige TWEE bediener-apparatuurspesifikasies ✓✓

(2)

- Meer RAM / geheue
- Meer stoor spasie / groter hardeskyf
- Kragtiger verwerker

8.4.1 Gebruik van rekenaars op omgewingsbewuste manier ✓

(1)

8.4.2 Enige TWEE praktiese wenke: ✓✓

- Skakel rekenaars of toestelle wat nie gebruik word nie, af.
- Vermyn vermorsing van papier (proeflees, druk rug-aan-rug, druk 2-op-1, ens.)
- Skenk / herstel / opgradeer apparatuur in plaas van om bloot weg te gooi.
- Stuur drukkers se kassette terug na vervaardiger om op omgewingsvriendelike manier weg te gooi.
- Hervul / hergebruik drukkers se kassette.

(2)

8.5.1 RSI is die naam wat ons gee vir beserings as gevolg van vinnige, herhalende aksies/werk. ✓
OF In hierdie geval besering pols agv baie sleutelbord- en muis-werk.

(1)

8.5.2 Enige EEN wenk: ✓

- Gebruik apparatuur wat ergonomies ontwerp is (sleutelborde en muis wat gemaklike gebruik bevorder)
(aanvaar ook spesifieke eienskappe, bv. Geronde sleutelborde, ens.)
- Sit reg / korrekte postuur.
- Sorg dat muis en sleutelbord op dieselfde vlak is, en naby mekaar is, ens.

(1)

[14]

Vraag 9

9.1.1 Alle voorkomste van die letters 'cat' is vervang met die letters 'dog' ✓ (1)

9.1.2 Sy moes die 'whole word'-opsie gekies het ✓ (1)

9.2.1 Die woordeboek-taal is gestel as English (U.S.) ✓ (1)

9.2.2 Enige EEN oplossing: ✓

- Stel die taal op English (U.K.) of English (South Africa)
- Stel die AutoCorrect-opsie
- Voeg dit by die woordeboek (1)

9.3 Waarom nie 'n goeie benadering nie: Deur die Enter-sleutel herhaaldelik te druk, skep jy bloot 'n klomp leë paragrawe en verseker nie dat die opskrif aan die begin van 'n nuwe bladsy sal verskyn as enige van die voorafgaande teks verander word nie. ✓ (1)

Wat sy eintlik behoort te doen: Voeg 'n bladsy-breuk (Page Break of Ctrl+Enter) in ✓ (1)

9.4 Enige TWEE redes wat oor die gebruik van funksies en formulas gaan: ✓✓

- Groter verskeidenheid funksies / formules
- Onmiddellike herberekening as data verander
- Function Library is beskikbaar, help met opstel van funksies
- Funksies / formules kan maklik na ander selle toe gekopieer word, verminder werk en foute
- Makliker selverwysing, ens. (2)

9.5 = A2 ✓ + A3 ✓ (2)

9.6 Waarom foutiewe antwoorde:

Selle is as *percentage* geformateer en antwoorde is met 100 vermeningvuldig ✓

Metode om probleem reg te stel:

Verwyder die *100 van die formula OF moenie die selle as *percentage* formateer nie ✓ (2)

[12]

TOTAAL : 120